11. Diakonale Inrigtings

- ‘n **Fisies mishandelde en emosioneel verwaarloosde kind** uit ‘n gebroke huisgesin. Bloot gestel aan die moeilikste omstandighede denkbaar. Dit sukkel maar op skool. Dit is moeilik om normale interaksie met mense te hê.
- ‘n **Natuurramp** wat niemand kon keer nie. Waar daar ‘n dag van te vore nog ‘n huis gestaan het, is daar nou ‘n hoop rommel. Onder die rommel lê mense se lewens begrawe. Alles wat hulle gehad het, is weg. Party keer gebeur dit vinnig: aardbewing, tsoenami, vuur en watervloed ken nie ‘n tyd nie. Soms is dit lank en uitmergelend: droogtes neem tot jare maar uiteindelik bly daar niks oor nie. Gewoonlik word duisende mense geraak.
- ‘n **Brand in ‘n ouetehuis**. Waarheen sal hulle met al die bejaardes gaan?
- ‘n **Oom** wat sy lewe aan die diens van die Here wou offer toe loop daar iets in sy lewe verkeerd. Wat gaan nou van hom en sy mense word?
- ‘n **Diakonie** waar die uitgawe skielik die inkomste kan klop. Niemand kon voorsien dat die **gemeenskap** se ekonomiese omstandighede so skielik sou versleg nie. Werkloosheid is nou die reël eerder as die uitsondering.

11.1 <u>Wat het al hierdie mense met mekaar te doen?</u>

Dit is waar die diakonieë van die Gereformeerde Kerke deur die SDDS kon bydra om die nood van mense te verlig. Finansieel, geestelik en soms net met ‘n bietjie raad. Hierdie werk word al vir baie jare gedoen en dit is met groot dankbaarheid wat ons in 2014 die 75ste bestaansjaar van die President Paul Kruger kinderhuise mag herdenk.

11.2 Wat is die werkswyse van die SDDS?

SDDS staan in diens van die PLAASLIKE DIAKONIE van die GKSA en moet uitvoering gee aan die opdragte van Algemene Sinode rakende:

11.2.1 Diakonale inrigtings van die GKSA.
11.2.2 Noodlydendes en Noodtoestande.
11.2.3 Bystandsfonds vir diakonieë KO, art 25.
11.2.4 Skakeling binne en buite die kerkverband.

11.3 Diakonale inrigtings van die GKSA

11.3.1 Pres. Paul Kruger kinderhuise in Pretoria en Reddersburg
11.3.2 Glenzicht Aftree-Oord

Vir hierdie doel is SDDS as Artikel 21 maatskappy geregistreer ten einde eiendomme in die naam van SDDS te registreer, staatsubsidies vir kinderhuise te ontvang en gelde van buite die kerkverband te kan insamel.

11.4 Noodlydendes en Noodtoestande

Die SDDS skakel met plaaslike diakonie waar daar noodtoestande binne en buite die RSA is.

Die doel is om so spoedig moontlik hulp by mense in nood te kry. Daar word sover moontlik deur plaaslike diakonieë of kerke gewerk in verlening van hulp. Kos, klere of onderdak is prioriteit. (Medieshulp is uitgesluit – hierin help die SDDS net om te skakel en koördineer.)

11.5 Bystandsfonds vir diakonieë KO, art 25

Hierdie fonds bestaan vir hulp aan oud predikante wat onder KO, artt 12; 79 en 80 uit diens is en geen inkomste het nie. Sedert Sinode 2009 is ‘n soortgelyke fonds gestig

vir afgetrede werknemers van die SDDS waarvoor daar nooit behoorlike voorsiening gemaak is vir pensioene nie.

Die SDDS werk sover moontlik via plaaslike diakonieë waar die betrokke persone tans woonagtig is.

11.6 Skakeling binne en buite die kerkverband

SDDS skakel namens die diakonieë met ander kerkverbande en nie-kerklike instansies waar die agenda betrekking het op diakonale dienswerk binne die GKSA en die RSA.

11.7 Finansies

Die Administratiewe Buro lewer hier groot diens met opstel van die nodige finansiële state en sowel as die ouditering daarvan. Jaarliks word die state vir alle diakonieë beskikbaar gestel vir insae. Daar is kommer oor groeiende nood en afname in bydraes vir hierdie belangrike dienswerk van die diakonieë van die GKSA.